



JAGBOOG SKIETOEFENING

1. Inleiding

Hierdie skietoefening bied die geleentheid aan lede om hul vaardighede met die gebruik van 'n jagboog in te oefen en te ontwikkel. Dit is 'n basiese oefening wat ook beginners sal akkommodeer. Uitsluitings op toerusting word sover moontlik beperk binne 'n breë raamwerk van wat in die jagveld van toepassing is. Alhoewel 'n veldbaan ideaal is kan die oefening op 'n skietbaan aangebied word waar meer as een skut gelyktydig langs mekaar kan skiet.

2. Teiken

Die Rooibok teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk). Plasing van die pyl in die 3 tel-area is nie ideaal nie, veral in die werwel-area. Vir doeleindes van die kompetisie word die teiken so behou.

Alhoewel driedimensionele teikens populêr is, word dit ter wille van eenvoud en koste nie gebruik nie.

3. Boë

Alle minimum spesifikasies, ooreenkomstig kategorie 2. van die aangehegte dokument. Geen beperkings op tipe boog nie. Kruisboë word egter nie toegelaat nie (dit is nie wettig om mee te jag nie).

4. Pyle

Alle minimum spesifikasies hierby aangeheg, ooreenkomstig kategorie 2 geld. Let daarop dat alle toerusting vir hierdie skietoefening toegelaat, nie noodwendig geskik mag wees vir aanwending op die voorgestelde spesie op die teiken nie. Dit is die jagter se verantwoordelikheid om seker te maak dat sy/haar toerusting geskik is vir die dier wat gejag word. Slegs teikenpunte word toegelaat. Skuts word egter aangemoedig om pyle met 'n soortgelyke trajek as hul jagpyle te gebruik.

5. Visiere

Geen beperking

6. Ander toerusting

Gebruik van volle jagmondering word aangemoedig omdat die skut daardeur leer om daarmee te opereer.

7. Unieke veiligheidsmaatreëls/bevele

Hierdie reëls vervang nie enige bestaande skietbaanveiligheidsreëls waar van toepassing nie maar moet aanvullend daartoe gebruik word. Die bevel "gereed" word gegee om die skut te waarsku dat die beginfluitjie 'n paar sekondes later gaan volg. Die boë is ongespan. Wanneer die beginfluitjie blaas word die boë gespan en en begin skiet.

Voldoende voorsiening moet gemaak word om die pyle agter die teiken veilig te stop. Dit geld ook vir pyle wat die teiken mag mis.

8. Oefening

a. Vanaf **20 meter** word **drie pyle** in **30 sekondes per pyl** vanuit die **staanhouding** geskiet. (Sit en op die knieë is ook toepaslik maar te gevorderd vir hierdie oefening).

b. Vanaf **30 meter** word **drie pyle** in **30 sekondes per pyl** vanuit die **staanhouding** geskiet.

Ses pyle in totaal.

Daar moet geleetheid gegee word vir enige skut om sy/haar pyl te trek voordat 'n volgende pyl geskiet word om te voorkom dat pyle beskadig word.

Alhoewel hierdie afstande bekend is, word die gebruik van afstandmeters vir gebruik tydens jag, aangemoedig.

9. Telling

Die telling word geneem voordat die pyl uitgetrek word. Indien 'n skoot 'n lyn tussen twee aangrensende tel-areas op die teiken raak, kry die skut die voordeel van die hoër telling. Indien die lyn egter tussen 'n minus en nul geraak word, tel die minus want dan is die dier gekwes. Die lyn moet net geraak wees en hoef nie heeltemal gebreek te wees nie.

Indien 'n skoot ná die tydsbeperking geskiet word, verloor die skut die hoogste punt op die teiken.

'n Persoon wat op die verkeerde teiken skiet, verbeur die skote.

10. Erkenning

Slegs die eerste skietoefening op 'n dag kwalifiseer vir skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silver en goud: **18, 21 en 24**. Maksimum puntetelling is **30**.

11. Algemeen

Enige gedrag, toerusting, tegnieke of enige iets anders wat volgens die baanoffisier nie in die gees van die jagboog skietoefening is nie, onveilig is, of ander skuts verontrief sal deur die Baanoffisier verbied word. Indien daar twyfel in die verband bestaan, moet dit met die skietkomitee uitgeklaar word.

Formules:

<u>Energy (ft/pound)</u>	=	Total arrow weight (grain)	x	Velocity	Square(ft/sec)	divided	450436
95.95		500		294			450436
<u>Momentum</u>	=		divided	x	velocity	divided	32
0.6851		522	7000		294		32
<u>Tissue penetration index</u>	=	Kinetic energy (ft/pound)	x	momentum			
65.74		95.95		0.6851			

F.O.C. of arrow =

Minimum spesifikasies:

Category Game	Game	Draw Mass (pd)	Kinetic energy (ft/pd)	Momentum (pd/sec)	TPI	Arrow weight (Grains)	Weight minimum/ Speed of arrow
1	Birds, Hares, Rabbits, Hyraxes, Soenie, Common Red & Blue Duiker, Oribi, Steenbuck, Klipspringer	40 pds	40	0.3	20	300 to 400 gr	300gr = 290 ft/sec 350gr = 255 ft/sec 400gr = 235 ft/sec
2	Common Mountain & Grey Rhebuck, Impala, Blesbuck, Nyala, Bushbuck, Warthog, Bushpig, Baboon, Springbuck	50 to 60 pds	60	0.35	30	400 to 500 gr	400gr = 270 ft/sec 500gr = 235 ft/sec
3	Blue & Black Wildebeest, Zebra, Kudu, Waterbuck, Gemsbuck, Sable, Tsessebe, Lion, Roan, Eland, Hartebeest, Crocodile, Leopard	60 to 75 pds	70	0.4	40	500 to 600 gr	500gr = 255 ft/sec 600gr = 230 ft/sec
4	Buffalo	80 pds	80	0.45	50	600 to 700 gr	600gr = 250 ft/sec 700gr = 230 ft/sec
5	Rhino, Hippo, Giraffe	95 pds	95	0.55	55	800gr	800gr = 237 ft/sec
6	Elephant	105	105	0.6	60	800+gr	800gr = 245 ft/sec



Teiken werklike grootte: W x H = 750 x 1000mm

Teiken Areas	W x H mm	Area cm ²	vs Hart
Hart:	96 x 102	76	--
V-hart:	57 dia	25	33 %
Sentrale hart/long:	173 x 177	272	350%
Groter long/rugwerwel:	235 x 226	512	670%

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die lyne op die teiken is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.